6 September **Skrifgedeelte: Spreuke 17, 18**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:25,30

Laat God jou teregwys

Teregwys is om te vermaan (1 Kor 4:14), te berispe (Hos 4:4), te waarsku (1 Kor 10:11). In Spreuke 1:22-33 vermaan God onkundiges, grootpraters en swape (vers 22). Hy kla hulle aan dat hulle hul nie wou laat teregwys nie (vers 23) en sy teregwysings minag (vers 30). God vermaan hulle oor hulle sondes. Hy berispe en waarsku hulle oor die kwaad wat hul doen, maar hulle verwerp God se waarskuwings (Spr 10:17) en ignoreer sy teregwysings (Sag 1:4). Jy is dom en dwaas as jy die teregwysing van God minag. God wys sondaars tereg uit goddelike liefde (Heb 12:5-6) om hulle tot bekering te lei (Tit 1:13). Die sondaars van Spreuke 1 wou hulle nie laat teregwys nie, want hulle was in hulle eie oë nie verkeerd nie. Hulle word só in beslag geneem deur hulle eie begeertes, behoeftes en strewes, dat hulle die stem van God nie hoor nie en ook nie aan Hom dink nie. Dat hulle die Wet van die Here oortree, kom nooit by hulle op nie. Dit gaan net om hulleself. Daarom dat dit hulle glad nie pla dat hulle hulle nie steur aan die Here se teregwysings nie, want die Here self is nie meer vir hulle belangrik in hulle lewe nie. Hoe reageer jy op God se teregwysings? Sy teregwysings oor jou moontlike swak erediensbywoning (Heb 10:25); slegte begeertes (1 Pet 1:14); aanhoudende dronkenskap (Ef 5:18); sigbare luiheid (Spr 6:6-9); onredelike jaloesie (1 Pet 2:1); vreeslike naywer (Jak 3:14); moedswillige rusies (Jak 4:1); beplande egskeiding (Mal 2:16) !! Wat is jou antwoord? Sê dit self vir die Here!

Sing: Psalm 19:6 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)